

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
20 Februarie 1977

Onderwerp: Alles is teen my

Lees: Genesis 42 vers 29 tot 43 vers 6

Teks: Genesis 42 vers 36

Sing: Psalm 25 vers 7
Psalm 105 verse 1 en 23
Gesang 31 verse 1 tot 5

“Jakob was ’n verbondskind, ’n erfgenaam van dieselfde belofte as Abraham en Isak. Maar Jakob se geaardheid, sy onverskillige ywer en listigheid waarmee hy sy vader bedrieg en sy tweelingbroer uitoorlê het, het vir hom groot probleme geskep. Jakob het inderdaad die verbondseën begeer, maar het dit op ’n sondige wyse gesoek. Hy wou God telkens vooruitloop.

“En tog het God sy eie Naam aan Jakob verbind: Hy is die God van Jakob. Hy het Hom nie aan Jakob onttrek nie, al was hy so onvolmaak. Nee, God het eerder daarna gestreef om Jakob te verander.

“God het hom besoek en met hom geworstel by die Jabbokrivier. Hy het hom aan die heup geslaan en hom kreupel gemaak. Hy het hom op ’n sigbare wyse gemerk tot ’n waarskuwing vir homself, sodat hy sy God nie sou vergeet nie.

“En ten spyte van Jakob se tekortkominge het God sy Verbond voortgesit deur Jakob se twaalf kinders, wat later die twaalf stamme van Israel geword het.

“Broers en Susters, van die kosbaarste skatte ter wêreld het langdurige verwerking nodig om hul groot waarde te verkry. Die glans van goud en die skoonheid van porselein is nie moontlik sonder die felle hitte van die vuur nie. Handel God nie ook só met baie van sy kinders, wat vir Hom so kosbaar soos sy oogappel is nie?

“God spandeer veel aandag en arbeid aan ons lewens om die lyne van genade diep in te sny; en om sy glans in ons lewens gestalte te gee. Petrus sê: ‘Daarin verheug julle jul, al word julle nou - as dit nodig is - ’n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur

gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus.’ (1 Petr 1:6,7)

“Ons geloof word op die proef gestel. En toe Jakob hieraan onderwerp is, het hy gekla: ‘Alles is teen my!’ (Gen 42:36) Nogtans was sy klag begryplik. Dit was ’n uitbarsting van ’n opgekropte gemoed. Die spanning in Jakob se lewe het breekpunt bereik. Nadat God hom by Pniël geseën het en hy Kanaän na baie jare kon binnetrek, het alles in sy lewe verkeerd geloop. Ragel het langs die pad gesterf. Waarom moes sy geliefde vrou sterf en nie eerder Lea of van die slavinne nie? Om sy smart te vererger het hy met die bebloede kleed van Josef, die voorwerp van sy liefde, in sy hand gestaan. Josef was dood. Hy is deur wilde diere verskeur. Jakob was ontroosbaar. Toe kom die hongersnood - sewe jare daarvan. Toe sy kinders van Egipte af teruggekeer het, is Símeon in Egipte teruggehou. En toe moes Benjamin ook Egipte toe gaan.

“Hierdie dinge het nie gerym met God se belofte van seën nie. Jakob was moedeloos. Hy het geen uitweg meer gesien nie. ‘Alles is teen my!’ het hy in sy nood gekla. En u weet, Jakob het nie alles gesê wat hy gedink het nie. Daar was in sy hart ’n gedagte dat God teen hom was. Jakob het begin twyfel aan God.

“Hoe eerlik is die Bybel nie. Jakob word nie anders, of beter as wat hy was, aan ons voorgestel nie. Hy was ’n mens, vleeslik en ’n twyfelaar. Sy geloof het begin wankel.

“Maar die HERE het Jakob geken en ken ons ook. Hy weet watter maaksel ons is, dat ons stof is. Goddank dat die genade en troos van die die HERE méér standhoudend is as ons dikwels swakke geloof. Goddank dat Jesus Christus vir ons intree in tye wanneer ons op die proef gestel word en ons teëspoede vir ons haas te veel word.

“Broers en Susters, ons kan dink dat Jakob se gekla onder sy omstandighede te verstane was. Maak Jakob het hom daardeur skuldig gemaak. Het hy tog maar liewers geswyg. Liewers sy hand op sy mond geplaas, voordat hy gepraat het. En ons is geneig om netso te maak, wanneer die kastydende en beproewende hand van God swaar op ons rus. Dan kla ons ook soms in die taal van ongeloof en maak in ons teëspoed soms onbillike afleidings. Alles is teen my!

“Maar is dit waar?

“Het ons die reg wanneer ons met groot lewensvraagstukke worstel, om te sê: Alles is teen my!

Kan ons, wat maar net 'n klein deeltjie van die lewenspad kan sien, 'n oordeel uitspreek oor die hele pad waarop God besig is om ons te lei? Jesaja skryf immers: 'Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.' (Jes 55:8,9)

"Wanneer 'n mens na die agterkant van 'n geweefde stuk werk kyk, maak dit geen sin nie. Maar die wewer is in beheer en skep aan die anderkant 'n pragtige patroon. Die groot spoorwegstasie lyk op die oog af na 'n warboel van inkomende en uitgaande spoorlyne. Tog beheer iemand die verkeer veilig vanuit die sinjaalhuis.

"Só moet ons glo aan God wat ons menslike weë bestuur op só 'n volmaakte wyse dat geen haar van ons hoof val sonder dat God daarvan weet nie. God se bestuur waak oor ons lot, al verstaan ons dit nie nou nie. Die drade waarmee Hy weef, sal ons hierna verstaan wanneer God se Meestershand die patroon voltooi het: '... in stil wees en vertrouwe bestaan julle krag'. (Jes 30:15)

"Ons moet telkens erken dat 'n gebeurtenis in die verlede, wat vir ons destyds onbegryplik gelyk het, tot ons voordeel deur 'n wyse God in ons lewens toegelaat is.

"Jakob het sy eie afleidings gemaak en hom verlaat op sy eie oordeel. Toe dinge vir hom onverstaanbaar geword het, het hy uitgeroep: 'Alles is teen my!' En tog was dit in stryd met die hele geskiedenis van sy lewe. Hy het toe vergeet van Bet-el, waar God aan hom guns betoon het. En Pniël waar hy die HERE van aangesig tot aangesig gesien het en waar God hom geseën het.

"Toe Jakob so gekla het, het hy hom skuldig gemaak daaraan dat hy opgetree het asof die beloftes van God waardeloos geword het. Nee! Broers en Susters, op God se beloftes kan ons reken wanneer ons deur diep waters gaan: 'Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.' (Rom 1:17; Heb 10:38; Gal 3:11; Hab 2:4)

"En tog, Broers en Susters, al het Jakob hom skuldig gemaak met hierdie onbillike gekla, het God hom nie verwerp nie. Hy is en bly die God van Jakob.

"Nogtans was Jakob se gekla tot sy nadeel. Die somber taal wat hy uitgespreek het, het hom blind gemaak vir al die seëninge en die goeie wat daar tog op sy pad was. Hy het die lewe deur 'n donker bril gesien. Hy het nie die ligstrale opgemerk, soos die reis na Egipte op soek na koring, wat vir hom voordele gebring

het nie. So het dit hom weer by Josef, sy verlore seun, uitgebring.

“Jakob was hier nie die gelowige wat hy moes gewees het nie. Luister wat hy gesê het: ‘Julle beroof my van kinders. Josef is weg! En Símeon is weg! En Benjamin wil julle wegneem!’ (Gen 42:36)

“Dit was onbillik om sy seuns só aan te kla en om hulle verantwoordelik te hou vir die beproewinge wat hom en sy gesin getref het. Hy, die aartsvader wat sy kinders koninklik en priesterlik moes voorgaan, het in ongeloof uitgeroep: ‘Alles is teen my!’ Sodat Ruben hom moes gerusstel met ’n verskriklike waarborg: ‘U kan my twee seuns doodmaak as ek hom nie na u terugbring nie.’ (Gen 42:37)

“Broers en Susters, Jakob was in hierdie omstandighede ook vir ons geen voorbeeld nie. Hy was maar ’n mens soos ons, wat maklik verkrummel onder die slae van die lewe.

“Hierteenoor is daar Een na Wie ons opsien: Jesus Christus. Toe Hy in die dieptes was, het Hy nog steeds op God vertrou. Hy het in die bitterste leed nie sy mond oopgemaak om te kla nie. Hy was stom soos ’n skaap voor sy skeerders. Hy het in Getsemané gesê: ‘My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.’ (Matt 26:42)

“Jesus Christus kon met reg soos Jakob gekla het: ‘Alles is teen my!’ En só was dit inderdaad. Hy het alles téén Hom verdra, sodat ons nimmermeer van God verlate sou wees nie; ook nie as ons geloof soos Jakob s’n sou wankel nie.

“Meer as een van ons het al Jakob se woorde uitgespreek: ‘Alles is teen my!’ Vir heelwat van ons raak die dinge soms te veel. Vele sê hulle kan nie meer nie. Soms gaan dit oor groot beproewings. Soms is dit skynbaar klein teleurstellings wat ons uitsig versomber en ons lewensvreugde demp.

“Maar luister wat sê die Apostel Paulus, die man met die doring in die vlees, wat soveel gely het: ‘Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.’ (Rom 8:37-39)

“Amen.”